

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Mei 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bese staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 68:9, 15 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 15 O Koninkryke, sing Gods lof! / Laat psalme oprys uit die stof – /dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, bekleed met eer en mag, / hoog deur die hemel van sy krag / wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug, / verkondig in die hoë lug / sy mag voor al die volke.
Gee sterkte aan God – sy hoogheid is / oor Israel, sy erfenis; / sy mag is in die wolke.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 69:3, 6 (p. 342) (tweede melodie Ps 50)

- 3 Voor U alleen wil 'k skuld bely. / My dwaasheid, ag, die klaag my aan.
Maar laat om my beskaamd nooit staan / wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil / om U, o HEER, om U ontwil!
- 6 Maar my gebed is tot U, HEER! / Daar is 'n tyd dat U verhoor:
in grote goedheid, neig u oor, / en deur u trou, verlos my weer.
Verlos my uit die modderpoel / en waterstroom wat om my spoel.

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein.”
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

Skriflesing: Johannes 16:1-15

Kernverse: Johannes 16:12-14

Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.

(Johannes 16:12-14 AFR53)

Tema: Wie die Heilige Gees is en watter werk Hy doen

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, op hierdie Sondag – Pinkstersondag – sowat twee duisend jaar gelede was daar by die apostels en die res van die honderd en twintig gelowiges in Jerusalem geen twyfel meer oor waar Jesus Christus Hom na sy hemelvaart bevind het nie. Hy is aan die regterhand van sy Vader in die hemel, want op daardie Sondagoggend het Hy en die Vader die belofte van die Trooster gegee. Die Heilige Gees is op daardie Sondag uitgestort op die kerk van die Here. In besonder is die Heilige Gees aan die apostels gegee sodat hulle die getuies van Jesus Christus kon wees van Jerusalem af tot aan die uiteindes van die aarde.

Tydens die uitstorting van die Heilige Gees was daar drie kenmerkende tekens. Daar was die geluid soos van 'n geweldige sterk wind. Hierdie geluid het die hele vertrek gevul waarin die gelowiges bymekaar was en is ook in die strate gehoor, want die mense het as gevolg van die geluid saamgedrom. Die gelowiges in die vertrek het ook tonge soos van vuur gesien wat op elkeen in die vertrek gekom het. Al die gelowiges is toe met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale gepraat soos wat die Heilige Gees dit in hulle gegee het. Hier moet ons egter raaksien dat die Heilige Gees die gelowiges in verstaanbare bestaande tale laat spreek het van die groot dae van God.

Vroeg in die vorige eeu het daar 'n beweging ontstaan wat bekend staan as die Pentekostalisme. Die naam is afgelei van die Engelse benaming vir Pinkster. Dit is hierdie beweging wat verkondig het dat wanneer die Heilige Gees op 'n mens kom dan spreek jy in vreemde tale. Let wel, nie ander tale nie, maar vreemde tale en klanke. Hierdie siening het hulle gebaseer op hulle verstaan van die gebeure in Efese toe Paulus die eerste keer daar gekom het. Ons lees daarvan in Handeling 19:1-10. Die groepie gelowiges wat Paulus aangetref het, het nog nie van die koms van die Heilige Gees geweet nie en het Hom nie ontvang toe hulle gelowig geword het nie. Nadat hulle gedoop is, het die Heilige Gees op hulle gekom en hulle het ook in tale gepraat. Die woord wat met *tale* vertaal is, is presies dieselfde woord as in Handeling 2. Hierdie gelowiges het nie in vreemde tale en klanke losgebars nie. Hulle het ander tale gepraat wat hulle nie voorheen geleer het nie.

Afgesien daarvan dat die Pentekostaliste nie raaksien dat die twee woorde in Handeling 2 en 19 presies dieselfde is nie, sien hulle ook nie die patroon in die boek raak nie. Die boek volg die patroon wat Jesus in Handeling 1:8 aan die apostels gegee het. Hulle moet getuies wees van Hom in Jerusalem (Hand 2-7), in Judea en Samaria (Hand 8), onder die heidene (Hand 10) tot aan die uithoeke van die aarde (Hand 19).

Tot vandag toe is daar onder die sogenaamde charismatiese kerke diegene wat sê dat jy in vreemde tale en klanke moet praat, want dan het jy die bewys dat jy die Heilige Gees ontvang het. Ons lees egter nêrens in die Bybel dat 'n mens gelowig word en dan later die Heilige Gees ontvang nie. Uit die reeks aan die hand van ons Dordtse Leerreëls het dit nou al oor en oor duidelik geword dit is die Heilige Gees wat sy intrek in die mens neem en

die geloof in sy hart opwek. As die Heilige Gees nie in 'n mens werksaam is nie, kan jy nie glo nie. Hy moet immers 'n mens se hart versag, die verstand verlig en in die wil nuwe eienskappe uitstort. Dit is immers die Heilige Gees wat 'n mens van jou sonde oortuig en by die kruis van Jesus Christus bring waar jy vergifnis en verlossing kan ontvang.

As gevolg van hierdie wanopvattinge aangaande die Heilige Gees se werk wat dikwels verwarring en onrustigheid by opregte gelowiges veroorsaak, is dit noodsaaklik dat ons by die Here Jesus self leer wie die Heilige Gees is en watter werk Hy op die aarde kom doen. Ons kyk eers wie die Heilige Gees is deur te let op hoe Jesus van Hom praat. Daarna let ons op drie dinge aangaande die Heilige Gees se werk.

Luister hoe praat Jesus van die Heilige Gees:

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Johannes 16:13 AFR53)

Die Heilige Gees is nie 'n krag nie. Hy is 'n Persoon – die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid.

Wanneer 'n mens luister na ander plekke in die Bybel waar daar oor die Heilige Gees gepraat word, word dit nog duideliker vir ons dat die Heilige Gees die derde Goddelike Persoon is. Net in die vorige hoofstuk sê Jesus dat die Heilige Gees oor Hom sal getuig. In ons kernvers sê Jesus dat die Heilige Gees die dissipels sal lei. Verder spreek, hoor en verkondig Hy. 'n Krag kan tog nie hierdie dinge doen nie. Net 'n persoon kan dit doen. In Handeling 5 sê Petrus ook baie duidelik dat Ananias vir die Heilige Gees gelieg het. En in dieselfde asem sê Petrus dat hy nie vir 'n mens gelieg het nie, maar vir God (Hand 5:3-4). In die brief aan die Efesiërs beveel Paulus die gelowiges om nie die Heilige Gees te bedroef deur sonde te doen nie. 'n Mens kan tog net 'n Persoon bedroef wat jou liefhet.

En watter vertroostende waarheid is dit nie? Die mens wat sy vertrou voluit in Jesus Christus stel vir sy lewe, het die Heilige Gees van Christus en die Vader in hom. En omdat die Heilige Gees die Goddelike Persoon is, doen Hy sy werk in elke gelowige ook persoonlik. Hy ken daardie gelowige deur en deur. Hy weet presies wat elkeen van die kinders van God nodig het en Hy doen sy werk sodat elke gelowige nog nader aan Christus, sy Verlosser, kan lewe. Die Heilige Gees werk so in gelowiges, want Hy het hulle so lief soos wat die Vader en die Seun hulle liefhet. Daarom is dit belangrik dat 'n mens nie die Heilige Gees bedroef nie, maar dat jy jou hele lewe aan sy leiding sal onderwerp.

Noudat ons 'n duideliker beeld van die Heilige Gees as die derde Goddelike Persoon het, kan ons verder iets leer van sy werk. Jesus begin ons kernverse met hierdie woorde:

Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. (Johannes 16:12-13a AFR53)

In hierdie stadium toe Jesus met die dissipels gepraat het, was hulle emosies 'n warboel en daar het 'n klomp dinge in hulle gedagtes gemaak. Jesus het sy verraaiers aangewys en Judas Iskariot het hulle verlaat. Boonop het Jesus nog gesê dat Hy van hulle af weggaan. En daarvoor was hulle bedroef. Petrus het gehoor dat hy vir Jesus nog die volgende oggend voor dagbreek gaan verloën. Daarom is dit geen wonder dat Jesus sê dat hulle nie sal kan dra wat Hy nog vir hulle wil sê nie. Jesus weet in watter toestand hulle nou verkeer en dit sou in daardie nag nog erger vir hulle word.

Maar die feit dat hulle nie in daardie stadium dit sou kon dra wat Jesus nog vir hulle wou sê nie, beteken nie dat hulle so onbeholpe gaan bly nie. Daar sal 'n tyd kom dat hulle deur

die Heilige Gees gereedgemaak is. Hy sal hulle in hulle verhouding met Christus lei, en wanneer die tyd ryp is sal Hy hulle in die waarheid lei.

Hierdie waarheid waarvan Jesus praat, is die geestelike waarheid soos wat dit in daardie stadium al in die Woord van God opgeskryf staan. Net een voorbeeld van hoe die Heilige Gees die dissipels in die waarheid gelei het: Na die hemelvaart het die Heilige Gees die apostels al met die Woord van die Here gelei om 'n greep te kry op die verwarrende omstandighede rondom Judas Isakariot. Al het Judas vir Jesus verraai, was sy optrede nie buite God se wil nie. Deur die mond van Dawid het die Heilige Gees al gesê dat iemand Judas se amp moes kry.

In die verdere verloop van Jesus se werk vanuit die hemel aan die regterhand van God is dit die Heilige Gees wat die apostels gelei het in die waarheid. Hy het hulle gelei om vir groot vraagstukke die regte leiding aan die gelowiges te gee. Dink maar oor die saak van die besnydenis wat 'n groot ongeluk – menslik gesproke – aan die kerk kon aanrig.

So lei die Heilige Gees elke gelowige steeds in die waarheid van die Here. Wanneer 'n mens nog jonk is, lei Hy ons in die waarheid wat ons in daardie stadium kan begryp. Maar hoe meer Hy 'n mens se verhouding met die Here laat groei, hoe meer maak Hy van die rykdom van Christus aan ons bekend. Hoe meer 'n mens vaardig raak met die Woord van die Here, hoe meer lei die Heilige Gees 'n mens in die waarheid in. Laat ons daarom aanhoudend die Bybel lees en aanhoudend bid dat die Heilige Gees nog meer van Christus aan ons sal openbaar in die Woord.

Afgesien daarvan dat die Heilige Gees 'n gelowige stelselmatig dieper en dieper in die rykdom van die Here inlei om die Vader en Christus al beter te leer ken, is die Heilige Gees se werk gerig op die waarheid. Jesus noem die Heilige Gees die Gees van die waarheid en Hy lei die gelowiges in die hele waarheid in. As Jesus praat van *die waarheid* laat die Heilige Gees ons verstaan dat daar inderdaad 'n waarheid is wat vasstaan.

Daarom moet ons onself nie deur die gees van die tyd laat verlei waarin al meer en meer mense sê dat daar nie so iets soos absolute waarheid is nie. Deesdae gaan mense mos van die standpunt uit dat alles eintlik relatief is. Wat vir my 'n waarheid is, hoef nie noodwendig vir iemand anders 'n waarheid te wees nie, want hy sien dit nie vanuit my oogpunt nie. 'n Samelewing wat op sulke relatiewe waarhede gebou word, sal wankel en uiteindelik ineens stort. Daarom gee Jesus aan ons die versekering dat die Heilige Gees die Gees van die waarheid is en Hy lei ons in die hele waarheid in. Hierdie waarheid is vir ons in die Bybel neergepen.

Hoe kan ons sekere wees dat hierdie waarheid vir ons in die Bybel neergepen is? Omdat Jesus sê dat die Heilige Gees nie sal spreek wat uit Homself kom nie. Hy gee dus nie nuwe openbarings nie. Hy spreek net wat Hy by die Seun en die Vader gehoor het. En alles wat die Vader en die Seun vir ons wil openbaar en wat tot die ewige lewe sal dien, staan in die Bybel geskryf.

Wat mense ook al wil te kenne gee dat die Heilige Gees iets aan hulle gesê het, moet dus ooreenstem met die Woord van die Here. Indien dit nie met die Woord van die Here ooreenstem nie, is dit nie die Heilige Gees wat dit gesê het nie. En dan is dit ongelukkig ook nie die waarheid nie. Die maklikste waar 'n mens raaksien dat mense eerder die leuen aan die Heilige Gees wil toedig as om hulle te onderwerp aan die waarheid waarin die Heilige Gees hulle lei, is wanneer dit kom by verliefdes. Die man en die meisie is so verlief op mekaar dat selfs die gelowige nie nugter genoeg is om raak te sien dat die ongelowige op wie hy of sy verlief is, hom of haar op die lang duur van die Here gaan wegtrek nie. Maar as daar vir so 'n verliefde gelowige gesê word dat hy mooi moet dink oor hierdie verhouding, regverdig hy maklik sy verhouding: Maar die Here het haar vir my gestuur.

Broers en susters, die Here sal nie een ding sê en iets anders doen nie. Die Heilige Gees lei ons in die waarheid. En die waarheid van die Here wat die Heilige Gees openbaar, is dat die gelowige nie saam met die ongelowige in dieselfde juk kan trek nie (2 Kor 6:14).

Die Heilige Gees is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid. Hy lei gelowiges persoonlik in die waarheid van die Here. Hy sal dit doen omdat sy werk op Christus gerig is om Christus te verheerlik. Die Heilige Gees het nie gekom om sy eie beuel te blaas nie. Hy het nie in die kollig kom staan nie. Hy hou die kollig vas en rig dit die hele tyd op Christus. Die Heilige Gees lei gelowiges ook nie om op hulle ervarings met die Heilige Gees te fokus nie. Hy lei gelowiges om Jesus Christus raak te sien. Al God se genade, barmhartigheid en regverdigheid trek in Jesus Christus saam.

Wanneer die Heilige Gees gelowiges dan lei sodat hulle hulle eie sonde kan raaksien, is sy bedoeling nie om soos 'n boelie die gelowige te verneder nie. Hy laat die gelowige sy eie swakheid raaksien en tegelyk lei Hy die gelowige na Christus omdat daar vergifnis en genade by die Vader gevind kan word slegs op grond van Christus se offer. Só verheerlik die Gees dan vir Christus deurdadig dat die gelowige ook besef dat slegs Jesus Christus hom kan verlos.

Kom ons dank die Here dat sy Heilige Gees in ons gelowiges wil woon en in ons wil werk. Mag die Heilige Gees ons hoe langer hoe meer in die waarheid van die Here inlei sodat ons Christus en die Vader kan verheerlik.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 119:62, 63 (p. 598)

62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U belof het, / na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!

63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteled,
en in al sy teënhede, / u geboorte nie vergeet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 16-1:1, 2 (15:1, 2)

- 1 “Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel,” sê die HEER.
- 2 “Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan.”